DIE HELPENDE HAND
STUDIETRUST

# Helpende Hand Studietrust

Die Helpende Hand Studietrust bied gedeeltelike, rentevrye studielenings aan behoeftige, verdienstelike, Afrikaanse studente wat wil studeer aan **enige geakkrediteerde tersiêre instelling in Suid-Afrika.**

## AANSOEKTYDPERK

**1 Julie tot 30 September** jaarliks vir hulp in die daaropvolgende studiejaar

- Aansoeke moet binne hierdie tydperk volledig aanlyn ingedien word.
- Let daarop dat geen aansoeke buite hierdie tydperk aanvaar word nie.
- Die aansoektydperk is geldig vir bestaande leninghouers en nuwe aansoekers.

## KRITERIA

- Akademiese prestasie
- Maatskaplike omstandighede van die gesin
- Gesinsamestelling en gesamentlike bruto inkomste per jaar

## DOKUMENTASIE BENODIG VIR AANSOEK

- Bewys van inkomste van ondersteunende persone
- Nuutste puntestaat of matrieksertifikaat of graad 11-rapport
- Identiteitsdokumente van die student en gesin
- Bewys van registrasie by 'n tersiêre instelling / bewys van voorlopige keuring
- Ander relevante dokumentasie na gelang van omstandighede

## BELANGRIK

- Geen druip- of hervakke of agterstallige gelde word deur die studielening gedek nie.
- Studente moet minstens R200 per maand terugbetaal tydens hulle studietydperk.
- 'n Terugbetalingsooreenkoms word aangegaan direk na voltooiing van die studies.

Besoek die Helpende Hand Studietrust se webblad vir meer inligting en om die aansoek-video te kyk.

Maak seker jou aansoek is volledig en betyds ingedien vir 'n suksesvolle evaluasie deur ons onafhanklike komitees.

## Let wel:

Hierdie datums geld nie vir studente wat by Sol-Tech of die Solidariteit Helpende Hand Opleidingsinstituut wil studeer of 'n kortkursus wil volg nie. Hulle volg 'n ander proses.

Kontak gerus studente@helpendehand.co.za vir meer inligting of laai die relevante inligtingstuk van Akademia/Bo-Karoo Opleiding/Helpende Hand Opleidingsinstituut af indien jy by een van daardie instellings gaan studeer.

**Kontakbesonderhede:**

E-pos: studente@helpendehand.co.za | www.hh-studietrust.co.za/studente